**Skriflesing:** 1 Korintiërs 3:10-17
**Tema:** Ons is die gebou van God.

Paulus skryf aan die gemeente van Korinte in Griekeland. Die gemeente is deur hom gestig en hy het ‘n jaar en ‘n half daar gedien.

Korinte is ‘n groot handels- en wêreldstad Soos die geval is met die meeste hawestede, is dit ‘n stad van skrille kontraste. Hier was belangrike mense en veragtes, geleerdes en ongeletterdes, die rykstes en brandarm slawe. Baie godsdienste is beoefen en die stad was bekend vir sedeloosheid.

Die gemeente was in die ideale situasie om van Jesus Christus te getuig en om sy lig in die duisternis te laat skyn. Tog lyk dit asof daar nie veel aangaan in die gemeente nie.

Paulus verwag van die gemeente om volwasse Christene te wees, Geesbeheerste mense wat God se wil uitleef. In plaas hiervan vind hy ‘n gemeente wat onvolwasse is. Hulle is nie bekommerd oor wat God wil hê nie. Elkeen dink te veel aan hom- of haarself en die bevredig van hul eie behoeftes.

Hulle is op die gevaarlikste plek waar gelowiges kan wees, hul is lou in hulle geloof. Hulle is jaloers op mekaar en maak rusie. Die gemeente word bedreig deur skeuring as gevolg van skinderpraatjies en partyskappe.
Hulle, wat vir die Here moet werk, stry oor wie nou eintlik die beste dominee is – is dit Paulus, Apollos, Sefas of Christus? (1 Korintiërs 1:12)

Hulle sit op die pawiljoen en praat oor en kritiseer die kerk asof hulself nie deel daarvan is nie.

Gerieflikheidshalwe het hulle vergeet dat Jesus Christus hulle vrygemaak het om aan God alleen diensbaar te wees. Hulle vergeet dat hulle verlos is om mekaar te dien, om mekaar te bou en nie te breek nie.

Nou kom Paulus en versoek hulle om die gepraat oor en rondom die kerk, asof dit iets daar ver of buite hulle is, te laat staan. Hulle, en elkeen van ons, is almal die kerk.

1. **Ons is die gebou van God gebou op die fondament Jesus Christus.**

In 1 Korintiërs 3:11 lees ons: “want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus.”

Die fondament is die begin van die hele gebou. Dit bepaal die rigting van die bouwerk vandag en die toekoms van die gebou.

Ek en jy is die gebou, die blyplek van God. Ons is in geloof gebou op die fondament, Jesus Christus. Hy is die begin van die gebou. Hy is al hoe ons vandag sal vasstaan en hoe ons sal voortbestaan.

Gebou op Jesus as fondament, beteken dat ons Hom ken en dien as persoonlike Verlosser en ons leef toegewy aan Hom.

2. **Gebou op Jesus Christus, is ons die woonplek van die Heilige Gees.**

Ons lees in 1 Korintiërs 3:16-17 en 1 Korintiërs Kor 6:19-20:
“16Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? 17As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.”

“[19]Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: [20]julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.”

God bly nie meer in klip- of steengeboue nie. Hy bly in ons. Ons is die gebou waarin die Heilige Gees leef. As blyplek van die Gees is ek heilig. Almal van ons is vreemd aan sonde en leef anders as hulle wat nie vir God ken en dien nie.
Ons leef soos wat Hy aan ons belowe in Eseg 36:26-27:
“[26]Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. [27]Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.”
Hier is nie plek van verdeeldheid en twis nie. Ons leef sy liefde in en deur ons teenoor Hom en mekaar uit.

3. **As woonplek van die Heilige Gees, is elkeen van ons bouers.**

Ons is nie ontvangers nie, ons is werkers. Ons getuig en bou so die Koningkryk uit. Ons bou mekaar op in geloof. Ons dra sy goeie nuus oor aan hulle wat nog nie die Here ken en dien nie.

En hier volg nou ‘n moeilike paar verse vir ons as Gereformeerdes wat bely dat ons uit genade alleen gered word.
Ons bou met verskillende soorte boumateriaal. Party se bouwerk is beter as die van ander, Party bou met goud, silwer en edelstene en ander met hout, gras of strooi. Die gehalte van ons werk sal getoets word.
Bouwerk word getoets aan die boodskap wat ons bring en die manier waarop ons ons bouwerk aanpak.

- **Ons boodskap**

Ons bou op die fondament, ons verkondig Jesus Christus as Verlosser en Here. Hy sê van Homself in Johannes 14:6: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.”

Ek doen brouwerk wanneer ek dwaalleer verkondig soos dat alle godsdienste gelyk is. Elkeen aanbid dieselfde god wat net verskillende name genoem word. Dit beteken dat almal gered sal word. Volgens Jesus self, is dit nie waar nie.

- **Die gehalte van ons bouwerk**

Dit gaan nie om onsself nie. Ons soek nie eer nie. Dit gaan oor die Here, ons soek sy eer.
Uit dankbaarheid is ons pligsgetrou, Ons gebruik al die vermoëns, talente en krag wat God ons gee. Net ons beste is goed genoeg vir Hom. Dit is die gesindheid en getrouheid waarmee ons bou.

Ons doen brouwerk wanneer ons met ‘n traak-my-nie-agtige houding afskeepwerk doen.

**Ek vat saam:**

Ons is die gebou van God. Ons is gebou op die fondament, Jesus Christus. Ons is gevul met met die Heilige Gees. Daarom is ons as kerk nie ‘n plek van verdeeldheid, twis, klieks en skinder nie.

Dit is ook nie ‘n plek vir niksdoen nie. Ons is besig om te bou. Ons getuig van Jesus Christus en leef met passie tot sy eer.

By die wederkoms sal elkeen se werk getoets word. God sal ons wat met ywer, pligsgetrou en na die beste van hul vermoë op Christus gebou het, beloon. Ons beloning sal wees dat ons sien hoe sy bouwerk, deur ons, bly staan.

Die mense wat met ‘n afgewaterde waarheid en met ‘n traak-my-nie-agtige houding, meer brouwerk as bouwerk gedoen het, sal op die dag wanneer die Here weer kom, baie skaam wees. Die onbeskryflike genade van die Here is groter as hul gebrekkige louwarm pogings. Hul sal nie weggejaag word nie. Hulle sal gered word, maar hulle minderwaardige werk sal verbrand word.

**Afsluiting**
Ek herriner jou aan die storie van die 3 varkies. Twee varkies het brouwerk met hout en strooi gedoen. Daarom was hul huisies nie wolfbestand nie.
Die een varkie het met sement en stene of ‘n stewige fondament gebou. Daarom het sy bouwerk bly staan.
Hoe bou jy?
Amen